
GELOOF In Die Woord

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

"..In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon…" Joh. 1:1 & 14



FAITH In The Word

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

"...In the beginning was the Word, and the Word was with God, and the Word was God. And the Word became flesh and dwelt among us…" John 1: 1 & 14

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

Onwrikbare en Standvastige Geloof

Voordat enigeen `n vaste geloof vir hul genesing kan hê, moet hulle vry wees van alle twyfel aangaande God se wil in die saak. Geloof kan nie uitbrei bo jou kennis van die geopenbaarde wil van God nie, soos in Sy Woord aangedui word. Voordat jy jou geloof vir genesing toepas, moet jy weet wat die Skrif duidelik leer, en dit is, dat dit net soveel God se wil is om jou liggaam te genees as om jou siel te genees. Skriftuur wat dit bevestig, sal hierdie waarheid vir jou vir ewig vasstel. Dit is slegs deur **seker** te wees van dit wat God belowe aangaande dit waarna jy soek, dat alle twyfel verwyder kan word en `n onwrikbare geloof moontlik gemaak word. Sy beloftes in Sy Woord is elkeen `n openbaring van wat God begeer om vir ons te doen, en voordat ons nie weet wat God se wil is nie, is daar niks waarop ons ons geloof kan baseer nie.

Dit is belangrik vir hulle wat genesing soek om hul denke te "vernuwe", sodat dit in lyn met die denke van God gebring kan word soos geopenbaar in die Bybel. Die nodige geloof om God se beloofde seëninge te ontvang, is die resultaat van God se Woord (Rom.10:17) te ken en daarvolgens op te tree. Die "hernude denke"(Rom. 12:2), maak onwrikbare geloof vir almal moontlik.

Daar was mense wie ons bedien en voor gebid het, wie nie hul genesing op daardie tydstip ontvang het nie, maar nadat hulle ons boeke gelees het, soos; "God wil jou genees", "Geloof soos `n Mostertsaad", "God se wil oor Siekte" en ander, is wonderbaarlik genees. (Baie is ook wonderbaarlik gered!). Dit is deur die openbaring van Sy Woord, wat kom deur die lees en hoor daarvan, dat hul geloof gegroei het en onwrikbare geloof geword het. Ek twyfel glad nie aan God se beloftes, wanneer ek vir die siekes bid nie! Maak nie saak wat die siekte of probleem is nie, ek weet eenvoudig met `n innerlike sekerheid, dat God wil genees! Ons ontvang baie getuienisse van mense regoor die land en buite ons grense, wat vertel van die wonderbaarlike wat in hul lewens plaasgevind het, omdat hulle God se Woord onwrikbaar vertrou het. Meeste van hierdie mense het ons nog nooit gesien nie! Al die eer en lof is Syne alleen! Die waarhede wat in hierdie boeke geskryf is, tesame met "die gebed van geloof" het genesing gebring vir baie duisende lydendes, wat nie sou kon herstel sonder God se Goddelike ingryping deur die Heilige Gees, in die Naam van Jesus nie. Ek sê weereens, aan God al die lof.



Jesus het gesê, "Die Woord is die saad" (Luk. 8:11). Dit is die saad van die Goddelike lewe. Voordat die persoon wat genesing soek nie uit God se Woord oortuig word, dat dit God se wil is om hom te genees nie, sal hy `n oes probeer insamel waar geen saad geplant is nie. Dit sal vir `n boer onmoontlik wees om geloof vir `n oes te hê, voordat hy nie weet dat die saad geplant is nie.

Terwyl ons ons in hierdie wonderwerke verheug, weet ons dat die grootste wonderwerk van almal die een is wat ons ewige bestemming bepaal. Die redding van een verlore siel is soveel kosbaarder as die uiterlike genesing. Jesus het egter vir beide ons redding en ons genesing aan die kruis betaal, Sy gebreekte Liggaam het vir al ons fisiese behoeftes betaal en Sy gestorte Bloed het vir al ons geestelike behoeftes betaal. Ons boek, "Die Nagmaal en Genesing" deel breedvoerig oor hierdie onderwerp, en jy sal grootliks geseën word deur dit te lees, want die "saad" van Sy Woord vir genesing begin by die Kruis op Golgota.

Jesus het gesê, "Die Woord is die saad" (Luk. 8:11). Dit is die saad van die Goddelike lewe. Voordat die persoon wat genesing soek nie uit God se Woord oortuig word, dat dit God se wil is om hom te genees nie, sal hy `n oes probeer

(vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Ontwrikbare .....geloof)
insamel waar geen saad geplant is nie. Dit sal vir `n boer onmoontlik wees om geloof vir `n oes te hê, voordat hy nie weet dat die saad geplant is nie.

Dit is God se wil dat die saad van Sy Woord in jou hart geplant is, in hierdie geval in verband met genesing, voor die oes. Hoe kan daar `n oes wees sonder die plant van saad? Sy wil, wat Sy Woord is, moet eers geken word en daarvolgens gehandel word. Jesus het gesê**, As julle in my woord bly, is julle waarlik my dissipels. En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak.** Vryheid van siekte kom deur die waarheid te ken en daarvolgens te handel. God doen niks sonder Sy Woord nie. **"Hy het Sy Woord uitgestuur, dat Hy hulle kon gesond maak"** is die woorde van die Heilige Gees in Ps. 107:20. Al Sy werk word in getrouheid aan Sy Woord en beloftes gedoen.

> **Dit is God se wil dat die saad van Sy Woord in jou hart geplant is, in hierdie geval in verband met genesing, voor die oes. Hoe kan daar `n oes wees sonder die plant van saad? Sy wil, wat Sy Woord is, moet eers geken word en daarvolgens gehandel word.**

Vir `n siek persoon om te **weet** dat dit God se wil is om hom te genees, moet die "saad" van God se Woord, aangaande genesing, in sy hart en denke geplant word, en dit word nie geoes voordat dit geken en ontvang en vertrou word nie. Geen sondaar kan `n Christen word, voordat hy nie weet dat dit God se wil is om hom te red nie. Dit is die Woord van God wat geplant en natgemaak en onwrikbaar vertrou word, wat beide die siel en liggaam genees. Die "saad" moet nat gehou word sodat dit sy oes kan lewer.

Vir iemand om te sê, "Ek glo dat die Here my kan genees" voordat hy uit God se Woord weet dat Hy gewillig is om hom te genees, is soos om te sê, "Ek glo dat God vir my `n oes kan gee, sonder dat enige saad geplant en natgemaak is." God kan nie die siel van `n mens red voordat die mens nie self weet dat hy `n sondaar is en dat God hom wil red nie, want verlossing is deur geloof, dit is, deur die bekende wil van God te vertrou. Dieselfde geld vir genesing. Om vir genesing te bid terwyl die geloofsvernietigende woorde gesê word, "as dit U wil is", is nie dat die saad geplant word nie, dit is om die saad te vernietig. "Die gebed van geloof" wat die siekes genees, is om die plant van die "saad" of Woord te volg waarop onwrikbare geloof gebaseer is. Dit is die evangelie waarvan die Heilige Gees sê, **"die krag van God is tot redding (Rom. 1:16),** in al sy fases, beide fisies en geestelik. En die evangelie in sy geheel is vir "Elke skepsel" en vir "alle nasies." Die evangelie laat `n mens nie in onsekerheid wanneer dit kom by God se wil vir genesing nie en as gebid word met "as dit U wil is", want die Woord sê vir hom wat God se wil is. Die Heilige Gees se woorde, **"Hy het ons siektes gedra" (Matt. 8:17),** is net so `n deel van die evangelie as Sy woorde **"wat self ons sondes in Sy liggaam op die kruishout gedra het" (1 Pet. 2:24).**

. Baie mense, in plaas van om te sê, "bid vir my", behoort eerstens te sê, "Leer my God se Woord, sodat ek kan weet hoe om saam te werk vir my genesing." Ons moet **weet** wat die voordele van Golgota is voordat ons hulle deur geloof kan ontvang. Dawid sê van sy God in **Ps. 103:3: "Wat al jou ongeregtigheid vergewe, wat al jou krankhede genees."**

Nadat openbaring uit God se Woord oor genesing ontvang is, behoort ons houding teenoor siekte dieselfde te wees as ons houding teenoor sonde. Ons vasberadenheid en begeerte om ons liggaam gesond te kry, behoort net so noukeurig te wees as ons doel om vry van sonde te wees. Ons behoort die hele evangelie in te sluit. Jesus Christus, ons Plaasvervanger het beide ons sondes en ons siektes gedra, sodat ons daarvan bevry kon word. Christus se dra van ons sondes en siektes is sekerlik `n geldige rede om Hom te vertrou vir die verlossing van albei. Wanneer ons in gebed, vir God vra om ons sondes te vergewe, glo ons, deur die gesag van Sy Woord, dat ons gebed gehoor is en ons sondes vergewe is. Ons moet dieselfde doen wanneer ons vir genesing bid.

Ons moet die beloftes van God ken, en daarna eenvoudig glo dat ons gebed verhoor is, voordat ons nog die antwoord ervaar het, soos Jesus beveel het in Mark. 11:24: **Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry**.

Tussen die tyd wat ons doelgerig die genesing van ons liggaam aan God toevertrou het, en die voltooing van ons genesing, kan ons, en moet ons een van die waardevolste lesse van ons Christelike lewe leer. En daardie les is, hoe om **Heb. 10:35, 36** na te kom: **Werp dan julle vrymoedigheid, wat 'n groot beloning het, nie weg nie. Want julle het lydsaamheid nodig, om, nadat julle die wil van God gedoen het, die belofte te verkry.** Om al die vorige beloftes en goeie nuus te vernietig of te verbeur, is om die slegte nuus of uitsprake te herhaal wat oor jou uitgespreek is, deur die mediesie of ongelowige mense om jou. Ons kan dit altyd as die verlede uitspreek en sê, die dokter het gesê maar God se Woord sê, deur die wonde van Jesus is ek genees. Dit is net die beloftes van God wat ons geloof onwrikbaar kan maak. Nadat Jona om genade gebid het, het hy nie sy vertroue verwerp nie, omdat daar geen sigbare bewys was dat sy gebed beantwoord was nie. Nee, hy het aan sy vertroue vasgehou en die feit dat hy dit vooruit gedoen het word vertoon deur sy offer van lof (Jona 2:9). In Heb. 13:15 beveel God ons almal om dit "gedurig" te doen.

God se beloftes word vervul soos ons die ewige waarhede en realiteite sien en daarvolgens handel, met ander woorde op Sy beloftes, Sy getrouheid, ens., en ons weier om deur tydelike dinge, wat die teenoorgestelde is, beïnvloed te word. God vervul altyd Sy beloftes as ons saam met Hom werk in gehoorsaamheid aan Sy Woord. Hy aanvaar ons altyd en onderneem vir ons as ons Mark.11:24 nakom wat sê**: Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry** en Heb. 10:35-36.

"Met lengte van dae sal Ek hom versadig" is God se belofte aan almal **(Ps. 91:16).**

Ons lees ook die baie belangrike bevele aangaande genesing in **Spr.4:20-22: "luister na wat ek sê, neig jou oor tot my woorde, laat hulle nie wyk uit jou oë nie, bewaar hulle binne-in jou hart. Want hulle is die lewe vir die wat hulle vind, en 'n genesing vir hulle hele liggaam."** Die Woord van God kan nie genesing vir die siel of die liggaam wees, voordat dit nie gehoor, ontvang en aandag aan gegee is nie. Let hier op dat die

(Vervolg op Bl. 6)

A touch from the Lord is so real

When God created the heavens and the earth, and all that was in them and on them, He spoke them into existence. However, when it came to the crown of His creation, man, He made him from the clay of the earth, molding and shaping man, touching and breathing His life into him. One of the ways described in the Bible by which we receive healing from God, is though touching, by the laying on of hands of a believer. We read these instructions in Mark 16: 18 which declares that; **… they** (those that believe) **shall lay hands on the sick, and they shall recover.** These words of Jesus were spoken to His disciples just before He ascended into Heaven, and it is recorded that the disciples went out and were obedient to His commands, and many sick received healing through the laying on of their hands.

The very first time I laid hands on some one in need of healing, I had no knowledge whatsoever of these instructions of Jesus to the believer. In fact I had, at that time never ever seen hands being laid on the sick. It was at the end of 1978 and Meg and I were at an evangelistic meeting in a church hall in Stanger, where a minister from America was preaching. After giving the message, he called for the sick to come forward for prayer. A young woman and her husband were sitting right in front of us and she got up and went forward. I looked down, and saw that on the seat on which she had been seated, lay a pair of hearing aids, and being a medical doctor, I knew at once by the type they were, that she was totally deaf. That kind of hearing aid just sends out vibrations which alert the wearer to the fact that some one is speaking, and then the person can lip read what is being said. When she came back to her seat, she was weeping with obvious disappointment, and her husband tried to comfort her. As she sat down, I heard a still small voice within me say, "put your hands on her shoulders and tell her that Jesus promises that He will heal her". I was very wary, so did not respond at first. Then a second time I heard the same instructions within my heart, and again I was reticent. Not only am I by nature a bit conservative and reserved, but because of "my status" (pride!) in the community, I did not want to appear foolish or draw attention to myself. Yet once again for the third time, the same voice, only louder and more urgent this time, repeated the words "put your hands on her shoulders and tell her that Jesus promises that He will heal her". This time I was obedient as I did not want to take the chance of missing God's voice, if indeed it was Him speaking. So I leaned over towards her and put my hands on her shoulders and she turned around and looked at me. I did not know her, but she knew who I was, and she read my lips as I spoke the words that God had given me to say to her. Her whole face lit up and she beamed from ear to ear! I then took my hands from her shoulders and we left the meeting. The following day, Meg phoned me at the surgery and asked me if I had heard what had happened to Anthea. I replied that I did not know an Anthea, and then Meg said that she was the person with the hearing aids at the meeting on the previous night. She went on to say that when she woke up the next morning, she could hear the siren of the Sugar mill where they lived. Then later that morning, as her hearing was slowly being restored, she could hear the crunching sound of the gravel under her feet, as she walked down the path! God had restored the hearing of that precious young woman, who had been deaf from her birth!

I know that it was the words that I had been given to speak to her that had kept her faith from failing, because she said later, when she gave her testimony for God's glory, that she had believed with all her heart that God was going to heal her that night and that is why she had one to the meeting with great expectancy, but because she still could not hear after she had been prayed for, doubt had set in. But having said that, it has always been very real and very significant to me, that the Lord distinctly said to me; **"put your hands on her shoulders!"** He knew that I did not as yet know about the significance of "laying on of hands", but His instructions to me were so clear regarding this healing principle in His Word. Why is touching so important to God?

...Throughout the ministry of Jesus we read the accounts of people who were changed by His touch and the laying on of His hands. He touched the leper who was a social outcast, and healed Him, even though being in contact with a leper was forbidden by law...



The first way in which our Lord Jesus Christ healed people during His earthly ministry, was by touching them. When we think that Jesus was God manifest in the flesh, Who came from Heaven to earth and touched, with His own hands, those who were sick and suffering with all manner of diseases and ailments. Through His hands flowed healing, strength, love and life! Throughout the Gospels we see how Jesus put His hands on suffering people who were consequently healed by the delivering power of God. The Bible tells us that Jesus was moved with compassion and healed everyone who came to Him. His life was motivated by love which He often expressed by His divine touch

Touch has a very important part to play in our lives. A touch can show love or hate, anger or acceptance. We see how parents play with their children and children touch their pets. Watch a child who has been hurt on the playground, how his friends gather around and comfort him by putting their arms around him and touching him. Remember the touch of

(Continued on page 4)

Spesiale word van dank

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word.

Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

BOEKE, KASSETT BANDE EN CD'S

Skakel ons of skryf aan ons vir 'n lys van ons boeke, kasett bande en CD's.

Hoe om te bestel:

1. Dui asseblief die hoeveelheid boekies wat u graag wil bestel in die blokkie langs die titel
2. Deponeer die bedrag in ons bankrekening en faks of pos die deposito trokie saam met die lys van u bestelling

Bank besondehede:
Eerste Nasionale Bank
Rek No: 53730091667
Takkode: 220129
Faks no: (032) 5525411

OF, stuur 'n gekruiste tjek of poswissel aan ons. As u nie u bestelling binne 4 of 5 weke ontvang nie, dan moet u ons asseblief laat weet.

GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassete en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

***

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.

***

(Continued from page 3 -A touch from the Lord .)

your mother when you ran to her as a child after you had fallen and grazed your knee. With her comforting arms around you, all hurt was better.

If there can be so much power in the touch of a person, how much more powerful is the touch of God? When Jesus put His hands on suffering people, it was in fact the touch of God. He said, "If you have seen Me, you have seen the Father, the Father and I are one! Now that you have seen Me, you know the Father**". If ye had known Me, ye should have known My Father also: and from henceforth ye know Him, and have seen Him. Jesus saith unto him, Have I been so long time with you, and yet hast thou not known Me, Philip? He that hath seen Me hath seen the Father and how sayest thou *then,* Show us the Father? Believest thou not that I am in the Father, and the Father in Me? the words that I speak unto you I speak not of Myself: but the Father that dwelleth in Me, He doeth the works.(John14:7, 9, 10).**

When Jesus touched people, it was the authoritative touch of Father God, by the power of the Holy Spirit. When Jesus touched people they could never be the same again. When He touched a person, sickness and disease had to go, and with those hands which He laid upon the sick, was a heart of compassion, tenderness and love, and it is wonderful to know that He still touches the sick today when a believer lays hands upon them in His Name.

Throughout the ministry of Jesus we read the accounts of people who were changed by His touch and the laying on of His hands. He touched the leper who was a social outcast, and healed Him, even though being in contact with a leper was forbidden by law. He touched the demoniac and a legion of demons had to flee, leaving

> "The disciples were instructed to do that which they saw Jesus do during His time of ministry here on earth. They were to continue doing the work of spreading the Gospel and laying hands on the sick until "the end of the world", because Jesus promised to be with them always."

the man delivered and of a sound mind. He touched Jairus' daughter, who had died, and as He took her hand, she once again received life.

He touched the lame, the deaf, the blind and the dumb, He laid His hands on them all. It total humility and in a demonstration of selfless love, He taught His disciples what He expected from them as He touched their feet when He knelt down and washed them. He touched little children saying, "Let them come unto Me". He laid His hands upon them and blessed them. Young and old, rich and poor, Jesus laid His hands upon people from all walks of life and He is our example. We read of the six foundational doctrines of Christ as described in the book of Hebrews chapter six verses one and two, and the fifth doctrine of Christ listed, is the doctrine of **laying on of hands.** This is an indication of the importance of this Biblical Truth.

Jesus spoke to His disciples just before returning to Heaven, in **Mat 28:18-20: And Jesus came and spake unto them, saying, All power is given unto Me in heaven and in earth. Go ye therefore, and teach all nations, baptizing them in the name of the Father, and of the Son, and of the Holy Ghost: Teaching them to observe all things whatsoever I have commanded you: and, lo, I am with you always, *even* unto the end of the world. Amen.**

The disciples were instructed to do that which they saw Jesus do during His time of ministry here on earth. They were to continue doing the work of spreading the Gospel and laying hands on the sick until "the end of the world", because Jesus promised to be with them always. Well, we who believe in Him as our Saviour and Lord are His disciples today, and nothing has changed. Certainly, Jesus has not changed because Hebrews tells us in **Heb 13:8 Jesus Christ the same yesterday, and today, and forever.** I want to encourage you today to use the hands that the Lord has blessed you with. Allow them to be a blessing to others, and above all, trust God your Heavenly Father completely, that as you lay your hands on the sick, He will touch them and they will recover, just as He promised in **Mark 16:18 … they shall lay hands on the sick, and they shall recover.**

I did just that with Anthea who had been deaf since birth, and God did what He said He would do! She was blessed, but no more than I, because I witnessed the miracle touch of God! ☐



Ons God van wonderwerke

…..Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

Geagte Dr James,
Ek wil net sê dankie vir julle gebede. Hennie se ore het opgeklaar. Sy ore is nou gesond. Baie dankie.

Mev D Vercueil, Klawer

Ek dank die Here want Hy is groot. Ek het 3 jaar gelede vir voorbidding gevra, ek was 'n dwelm verslaafde. Ek dank die Here want Hy het my volkome verlos. Ek is nou 3 jaar skoon. Ek was ook baie siek maar ek is genees deur die wonde van Jesus. Ek is volkome genees van beroerte, bloeding op die brein en 'n swak hart!!! Prys Sy Naam!!

Mnr K Seloane, Port Elizabeth

Ek het vir voorbidding gevra vir my baba wat ernstige mondswere (swam) gehad het. Jesus is wonderbaar. My dogtertjie van 2 jaar is binne 'n dag genees, net na julle gebid het. Eer aan God!! Hy is waardig om geprys te word. Ek verheerlik die naam van ons Kommende Koning Here Jesus Christus.

Mnr S Collins, Swakopmund

Praise God, Praise God – He is so good to us!! About a month ago I wrote to you asking for prayers for my son for work. His contract ended at the end of July and there was just nothing happening job wise. Well, suddenly there were two jobs, and he was offered the one he wanted. He started work on the 3 September and is enjoying it very much, and it is a permanent post, not a contract. Thank you for your willingness to pray with us. God bless you all at the Centre.

Mrs J du Plessis, Table View

LOOF DIE HERE!! My faks van 26 September 2007 het my vriend telefonies uit Abidjan bevestig dat ons wel die aanstelling gekry het. Teen gistermiddag 16h00 moes ek redes aan my neef voorlê waarom hy nie behoort voort te gaan met sy aanklag van bedrag teen my nie. As die Here nog nooit tydig en op absoluut die mees krities oomblik in my lewe ingegryp het nie, is hierdie 'n absolute bewys. Ek het later gistermiddag bevestiging ontvang van die argitek en 'n direkteur van die ontwikkelaar dat daar nie afgeweyk sal word nie en dat ek die aanstelling as 'n werklikheid kan hanteer. In alle beskeidenheid kan ek net sê dat ek nie woorde het om my opregte dank oor te dra vir u getroue gebede nie. Baie, baie dankie! Gister se gebeure herinner my aan Ps. 91 verse 7 en 15: Al val daar duisende langs jou, tienduisende by jou, vir jou sal niks tref nie. (vers 7) asook. "Wanneer hy My aanroep sal Ek sy gebed verhoor; in sy nood sal Ek by hom wees, Ek sal hom red en hom in Sy eer herstel" (vers 15) Mag God u ryklik seën.

Mnr W Vos,

Ek het veral 9 September 2007 bewus geword van die goedheid van die Here, omdat dit die dag was waarop ek 14 jaar gelede die laaste sigaret gerook het. Ek is 26 Desember 1992 verlos van alkohol. Ek is 9 September 1993 verlos van sigaret rook. Tot vandag toe nie weer daaraan geraak nie. Daarna in die Heilige Gees gedoop. Hallelujah!!
Danksy vir Phillipine wat die Here vir my as vrou gegee het wat na julle om hulp geroep het en nie na toordokters gehardloop het nie. Daarna het stringe genesings wonderwerke gevolg. Ek is van 1993 tot 1994 genees van swak oë, gewrigsontsteking, hoë bloeddruk ens. Tot vandag toe. Blydskap in die Here is ons beskkutting en die Here wil hê dat dit met ons moet goed gaan soos dit met ons siel goed gaan en dat ons gesond moet wees. Daarom kan ek net sê loof die Here o my siel en alles wat binne in my is Sy Heilige Naam.
Ek dank die Here vir die hemelse taal waarmee Hy my vrou en vir my geseën het. Ons sê nogmaals baie dankie vir die Here vir broers en susters soos julle. Liefde grote van

Mnr en Mev E Keister, Windhoek

My skoonseun Paul is 'n parapleeg as gevolg van 'n rooftog op sy besigheid jare gelede. Die gebruik van sy arms is vir hom van uiterste belang. Hy het pyn in sy skouer en verswakking in sy arm ervaar wat hom hulpeloos gelaat het. Dokters en terapie het nie gehelp nie. Ek het per telefoon gevra vir u gebede. Ons Groot Geneesheer en Almagtige het uit genade na u gebede geluister en sy skouer genees. Dankie aan Jesus en dankie dat u daar is om saam te bid. Mag Hy u almal seën. Liefde groete.

Mev S J Olivier, Tygerdal

Ons was by die sentrum op die 26 Augustus met groot verwagting, en baie geloof dat God ;n verskil sal maak en ons genees. Ons wil u net bedank vir die gebede en wil getuig dat ons aangeraak is en dat 'n wonderwerk in albei ons lewens plaasgevind het. Willem se rugpyn, skouer, asma is genees asook my nek, rug en hoofpyne. God is groot en so goed! Het daarna geweier om verdere pyn in ons liggame te aanvaar en het daarop gestaan en telkens herhaal dat ons genees is deur Jesus se wonde en bloed wat vir ons gevloei het. Ons het ook Satan gebind in Jesus se kosbare Naam. Baie dankie vir al u gebede vir ons en die wonderlike diens wat u vir Hom doen. Groete en liefde in Jesus.

Baie dankie vir Geloof in die Woord. Hoe groot is Ons God, Jesus onse Verlosser, Saligmaker en Groot Geneesheer. Ons seun Andrè het die senior pos gekry, ons kleindogter Marli Liebenberg is genees, ons kleinseun Rudolph Botha is genees, ons kleinseun Naude Botha is welgeskape, normale en gesonde baba, geen fout met sy brein nie, alles reg met hom. Ons kleinseun Alex Botha begin alleen loop, sy gehoor is baie beter.
Ek was ook gediagnoseer met kanker, tumor op ovaria met bloedtoets hoë kanker. Jesus het die tumor laat verdwyn, geen kanker in my buik. Hallelujah!! Loof die Here. Prys Sy Naam. Ons sê dankie vir Jesus al u gebede verhoor. Baie dankie.

Mev I Botha, Boshof

Ek wil eers die goeie nuus aan u oordra. Ek het 6 weke gelede gevra vir gebed vir Annelie om gewig te verloor. Sy het in die 6 weke 9 kg verloor. Prys die Here. Liefde groete.

Mariaan, Wellington

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Ontwrikbare .....geloof)
Woorde van God **lewe** is slegs vir hulle wat dit **"vind."** As jy lewe en genesing van God wil ontvang, neem tyd om die woorde van die Skrif te vind wat hierdie resultate belowe. Wanneer God se Woord genesing vir jou hele vlees word, sal daardie kanker verdwyn, daardie gewas sal verdwyn, daardie diabetes sal verdwyn. Ons het gesien dat die Woord, wanneer dit ontvang word en daarvolgens gehandel word, hierdie resultate duisende kere voortbring. Ongelukkig is baie siek omdat hulle misluk het om daardie deel van God se Woord wat genesing voortbring te **"vind"** en **"aandag aan te gee."** Dit is God se manier om die seëninge, wat Hy vir ons voorsien het te ontvang. Baie het misluk om te ontvang eenvoudig omdat hulle nie hierdie bevele gevolg het nie.

God sê dat as ons doen soos ons in die Skrif vertel word, Sy Woorde "genesing vir ons hele liggaam" sal wees. Dit maak nie saak wat se siekte of kwaal dit is nie – of dit kanker, gewas, artiritis ens. is nie, God sê, "Genesing vir hulle hele liggaam." Wie se liggaam? Diegene wat die Woorde van God "vind" en "aandag daaraan gee, volgens die onderwerp." Dit is presies dieselfde manier dat die Woord van God genesing vir jou siel bring.

So vertel God ons dan presies hoe om "aandag" aan Sy Woord te gee. Hy sê: **"Laat hulle nie wyk uit jou oë nie, bewaar hulle binne-in jou hart."** In plaas van om jou oë op jou simptome te plaas en met dit besig te wees, laat God se Woord nie "uit jou oë wyk nie," dit is, kyk gedurig daarna en soos Abraham, laat jou geloof sterk word deur na die beloftes van God te kyk en na niks anders nie. Die enigste manier hoe saad sy werk kan doen is om dit in die grond te kry en nat te hou, net so is die enigste manier wat God se "onverganklike saad" "effektief in ons kan werk" om dit "binne-in ons harte" te hou. Dit beteken nie soms nie, maar gedurig. Die rede waarom baie misluk het is omdat hulle dit nie gedoen het nie.


> **"God vervul altyd Sy beloftes as ons saam met Hom werk in gehoorsaamheid aan Sy Woord."**

Wanneer ons aandag aan God se Woord gee deur hulle nie voor ons oë te laat wyk nie en hulle binne-in ons harte te hou, is die saad in "goeie grond," die soort grond waarin, soos Jesus sê, **"vrug voortgebring word,"** en waar Paulus së, **" dit met sukses werk."** Wanneer die boer sy saad in die grond het, grou hy dit nie elke dag op om te sien of dit groei nie, maar sê, "Ek is bly dat dit geplant is" en glo dat die saad begin groei. Waarom nie dieselfde onwrikbare geloof in die "onverganklike saad" nie – Jesus Christus se Woorde – wat Hy sê "gees en lewe" is, en waarom nie **glo** dat hulle reeds hul werk doen, sonder om te wag en te sien nie. As die saaier van die saad, sonder enige Goddelike belofte, geloof in die natuur kan hê, waarom kan die Christen nie geloof in die God van die Natuur hê nie.?

Die Psalmis het gesê, **"dat U belofte my lewend maak."**(Eng. **"Thy Word hath quickened me.")(Ps. 119:50).** Paulus vertel ons dat dit die Woord is, wat in hulle wat glo effektief werk (1 Thess. 2:13). Elke Woord van God is "gees en lewe" en sal in ons werk as ons dit ontvang en "aandag" daaraan gee. Wanneer ons die Woord van God ontvang en gehoorsaam, kan ons saam met Paulus sê, **"God werk in my met krag"(Kol. 1:29).** Op die manier word die Woord van God die Krag

(veervolg op Bl. 8)

neem kennis—nuwe boeke



M67—'n Toekoms vir "Gays"?

M68—A future for "Gays"?

M70—The Triune God

M27—Die Drie Eenheid van God (hersien)

66—Pauls Thorn in the Flesh

4—Paulus se doring in die vlees (hersien)

65—Getuienisse Volume 4



NEW DVD

BAPTISM IN THE TIME OF JESUS BY DR RANDALL SMITH

The New Testament opens with John baptizing the Jewish people in the River Jordan. What did the people understand when John the Baptist and Jesus told them to be baptized? And where in Jerusalem could 3000 people, on the day of Pentecost, possibly be baptized?

In this DVD we follow archaeologist and theologian Dr Randall Smith on tour as he takes his students to various sites in the Holy Land explaining the historical development of the theology of the Rabbis during the 400, so called silent years, between Malachi and Matthew.

The DVD is truly a must see; it is an eye opener that presents the viewer with a clear picture of baptism at the start of the Church age.

Order direct from KERUGMA PRODUCTIONS, P O Box 1367, Kuils River, 7579. Tel. No. 021 -9031901, Fax. 021-9062635

Please note this DVD is NOT available from the Stanger Christian Centre.



uit Dr James se kantoor

Geliefde,

Ons is werklik opgewonde oor die nuwe onderneming, wat die Here op ons harte gelê het aangaande die verspreiding van die Evangelie van die Here Jesus Christus. Ons weet dat die tyd kort is en dat God se Woord moet uitgaan in die hele wêreld voordat ons Here Jesus terug kom, volgens **Matt.24:14: En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom.** Met dit swaar op ons harte, het die Here ons gelei om al ons boeke (wat oor 30 jaarvan ons bediening strek, vanaf 1978), beskikbaar te stel op die internet. Ons het nou `n webwerf en mense reg oor die wêreld sal in staat wees om die literatuur, gratis te lees en te gebruik, selfs te vertaal indien nodig. Ons was baie besig met die onderneming in gedagte, om die boeke oor te skryf, te hersien en te vertaal en ons vra omverskoning vir baie van u wat steeds vir boeke wag wat u bestel het en in die proses van opgradering en in druk is. Ons vra u om asseblief vir hierdie uitreiksending deur middel van literatuur te bid wat ons aangepak het. Almal is aan die werk hier by die Sentrum en u sal geseën wees om die span poging te sien, besige rekenaars en drukmasjiene wat onvermoeid werk om, "die Woord aan die hele wêreld te verkondig as `n getuienis aan al die nasies", voordat die einde kom!

Ons baie spesiale liefde en dank aan Phillip de Villiers van Pretoria, wie die weberf vir ons moontlik gemaak het en wat so `n wonderlike werk gedoen het deur die webwerf op en aan die gang te kry. Ons waardeer werklik sy tyd en harde werk. Die Webpage adres is **www.stangerchristiancentre.co.za**

Ons het onlangs `n hele paar oproepe van mense ontvang wat besorg was oor die feit dat hulle byeenkomste bygewoon het, waar hulle persoonlike profesie ontvang het, wat nie gebeur het nie. Ander sê dat die profesie wat hulle ontvang het, vrees en verwarring in hul lewens gebring het en dat hulle nie vir God op enige manier wil te na kom nie. Ek voel belas hieroor en wil ons lesers waarsku dat daar baie "daar buite" is wat verkondig dat hulle profete van God is en wat aanspraak maak op leidende profesie, wat baie dikwels manipulerend is en verseker nie van die Here af kom nie. Ons is gewaarsku dat dit in die laaste dae sal plaasvind en dat ons elke gees op die proef moet stel (1 Joh. 4:1) **Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan.** Wat treurig is, is dat hierdie geeste van vals profesie emosioneel, geestelik en finansieël voordeel trek uit kwesbare, opregte Christen mense. Meeste van die sogenamde profete verkondig die evangelie maar is self verlei en glo opreg dat dit wat hulle profiteer van God is, maar eintlik waarsêery is. As jy 'n kind van God is, waarom moet Hy deur 'n ander persoon met jou praat? In die Ou Testament, het God deur Sy profete voor Jesus se tyd gespreek, maar ons lees in die Nuwe Testament in Heb. 1 verse 1-2: **Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur Sy Seun....** Die wonderlike waarheid is dat elke gelowige in Jesus, bewoon word deur die Heilige Gees en daarom by magte is om God se leiding vir sy/haar persoonlike lewe persoonlik en direk te hoor. Jesus het ons belowe dat Hy die Heilige Gees sal stuur om ons te lei en die nodige wysheid te gee. **Joh. 16:13: Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei; want Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy spreek en die toekomstige dinge aan julle verkondig.** Verder het ons God se belofte in Jak.1:5**: En as iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit van God bid, wat aan almal eenvoudig gee sonder om te verwyt, en dit sal aan hom gegee word.** Om alles dan op te som, laat my u verseker dat u, as `n gees vervulde gelowige in die Here Jesus Christus en `n kind van die aller Hoogste God, alles gegee is wat u nodig het om duidelik te hoor wat die Here van u verwag. Die dae is verby waar die raad van fortuinvertellers en waarsêers gesoek is! God spreek tot ons deur Sy Woord en deur Sy inwonende Heilige Gees. Wees asseblief waaksaam en beskerm u harte teen die liste van die vyand.

Weereens wil ek my dankbaarheid en dank opreg betuig vir u liefde, aanmoediging, gebede en gawes vir die werk wat uitgaan vanaf die Stanger Christelike Sentrum. Ons waardeer werklik u betrokkenheid en is opgewonde omdat u nou deel is van hierdie nuwe uitreiking, wat so baie siele vir Jesus gaan bereik via die literatuur via die internet.

Mag Hy u uit Sy groot oorvloed seën, in elke behoefte voorsien volgens Filip. 4 vers 19, en mag Ef. 3:20 u deel wees. **"Nou lof aan God wat deur Sy geweldige krag binne-in ons werk en by magte is om te doen ver meer as wat ons ooit durf vra en selfs oor droom – oneindig meer as ons hoogste gebedes, begeertes, gedagtes of hoop."**

Baie liefde groete

Dr James

(Vervolg vanaf Bl. 6 - Ontwrikbare .....geloof)
van God. Dit is "gees en lewe." As die land waarin die saad gesaai is met ons kon praat, sou dit sê, "Die saad werk magtig in my."

Die passasie in Spr. hoofstuk 4, gee aan ons aanwysings hoe om resultate uit die beloftes in God se Woord te verkry:

Daar moet die gespitste oor wees. "Neig jou oor tot my woorde."

Daar moet die vasberade kyk wees. "Laat hulle nie wyk uit jou oë nie."

Daar moet die insluitende hart wees. "Bewaar hulle binne-in jou hart."

Wanneer jou oë op jou simptome is en jou gedagtes is besiger daarmee as met God se Woord en jy praat gedurig daarvan, dan het jy die verkeerde saad in die grond vir die oes wat jy begeer. Jy het saad van twyfel gesaai. Jy probeer om een soort gewas te laat groei van `n ander soort saad. Dit is onmoontlik om onkruid te saai en koring te maai. Jou **simptome** mag jou na die dood wys, maar **God se Woord** wys jou na die lewe, en jy kan nie gelyktydig op hierdie twee teenoorgestelde rigtings fokus nie.

Watter soort saad het jy in die grond? **"Laat God se Woord nie uit jou oë wyk nie; bewaar hulle binne-in jou hart."** Dit is, kyk onwrikbaar en gedurig en slegs na die beloftes wat God vir jou geloof gee om standvastig te bly. God sê aan almal wat siek is, **"elkeen wat daarna kyk sal lewe" (Num. 21:8).** Die woord "looketh" in Engels is in die "continuous present tense." Hou aan kyk! Dit beteken nie `n vlugtige blik nie, maar dit beteken, "Laat Sy Woorde nie uit jou oë wyk nie; bewaar hulle binne-in jou hart."

Die aantrekkingskrag van "redenasie" en "regverdiging" wat ons aandag eis is buitengewoon sterk. Maar dit moet ons Hemelse Vader wees wat praat, en aan Wie se Woorde ons aandag gee, want die hele Hemel staan agter Sy Woorde. Hulle is deur ons onfeilbare Skepper gespreek en is van opwekkende en versterkende krag. Hulle is lewe vir die wat hulle vind, en genesing nie net vir die siel nie, maar vir die liggaam; nie net vir `n sekere deel daarvan nie, maar vir **"hulle hele liggaam."**

Hier is medikasie vir die hele liggaam, van jou kop tot jou voete. Hier is `n Geneesheer van oneindige vermoë – **"Wat al julle krankhede genees."**

Wanneer jy dan jou saad geplant het, moet jy glo dat dit groei voordat jy dit in werklikheid bo die grond sien uitkom. Dit is geloof wat **"`n bewys is van die dinge wat ons nie sien nie" (Heb. 11:1).** In Jesus, het ons volmaakte **bewys** vir geloof. Elke man en vrou kan hul twyfel verdryf deur **standvastig** en **net** na die bewys wat God vir ons geloof gegee het, te kyk. Om **net** te sien wat God sê, sal geloof skep en dit vermeerder. Dit sal dit makliker maak om te glo as om te twyfel; want die bewyse vir geloof is baie sterker as die vir twyfel. Moenie God se beloftes, wat ewig vasgestel is betwyfel nie, betwyfel jou twyfel want hulle is onbetroubaar.

Wat `n seën is ons geloof vir Jesus! Daar is Lewe, lig, vryheid, liefde, vreugde, leiding, wysheid, kennis, volmaakte gesondheid – om die waarheid te sê alles in Hom, soos ons na die Gekruisigde Een met geloof kyk wat onwrikbaar is. Hy het gesê in **Luk. 18:8: Maar as die Seun van die mens kom, sal Hy wel geloof op die aarde vind?** Niemand kyk ooit tevergeefs na die Groot Geneesheer.

Elkeen wat na die Koper slang gekyk het – die tipe gekruisigde Christus – het geleef. "En hulle aangesigte hoef nie beskaamd te wees nie (geweier)," sê die Psalmis. Hulle was almal, menslik gesproke, ongeneeslik, maar hulle is vergewe en ook genees deur te kyk. Hy wat sy vertroue in Jesus stel het nie nodig om hom te skaam vir sy vertroue nie. Tyd en die ewigheid sal albei sy betroubaarheid bewys. ●